



RUIMSIG
GEMEENTE

Die Bybelse beginsels vir ons visie en missie

Tel: (011) 764-1699 / 082 889 9730 Faks: 086 552 0727

e-pos: info@ruimsig.com Webruimte: www.ruimsig.com

Visie en Missie:

Connect waar jy is

Reeds in Genesis is dit duidelik dat God na 'n verhouding met die mens smag. Daarom het God Sy Seun gestuur om die gebroke verhouding tussen God en mens as gevolg van die sondeval te herstel. Dit is juis om hierdie rede dat Jesus na die aarde gekom het, juis om sodoende elke mens te roep om in verhouding met Hom te staan (Luk. 19:10; Op. 3:20; Tit. 2:11) Elkeen van ons is verskillend en het verskillende belange, talente, gawes, persoonlikhede, sterk punte en verhoudings met verskillende mense. Daarom wil God elkeen van ons, Sy unieke skepsels, op 'n unieke manier gebruik, net daar waar ons is. Jesus is die perfekte voorbeeld van konneksie met God, oral waar Hy was met almal. (Sien Evangelies – Jesus het nie bevooroordeel gestaan teenoor sekere mense en hul agtergrond nie.)

Ruimsig Gemeente wil jou bewus maak van God se uitnodiging om met jou te “connect” waar jy is. Daarom wil ons jou uitdaag en motiveer om in 'n intieme verhouding met God te leef, 'n invloed in mekaar se lewens te hê en 'n impak in die wêreld te maak.

Die uitdaging wat ons tot elke lidmaat rig is om “Intimiteit, Invloed en Impak”, of “Die drie I’s” uit te leef in hul alledaagse lewe. Dit is belangrik om te onthou dat God sekere opdragte opgeteken het in die Woord om ons te wys wat Sy wil is met die mensdom. In een van hierdie opdragte, wat bekend staan as die “groot opdrag”, sê Jesus in Matteus 28:19 en 20 vir ons:

“Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”

Hierdie opdrag (Missio Dei) is gerig op elke individu en nie op 'n organisasie (Denominasie of Gemeente) nie. God stuur elke persoon wie in verhouding met Hom staan om 'n impak te maak in die wêreld (al die nasies) deur 'n invloed uit te oefen op mense se lewens (dissipels te maak). Dit vind slegs plaas omdat ons in verhouding met God staan. (Ek is by julle...). Rowan Williams beskryf dit as volg: “Dit is nie die Kerk van God wat 'n missie het nie, maar die God van die missie Wie 'n ‘kerk’ het”.

Hierdie opdrag word bevestig in Handeling 1:8 “Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.” Weereens kom die krag om 'n verskil te maak (Invloed) en die wêreld wat bereik word (Impak) uit die hand van God die Heilige Gees (Intimiteit).

A. Intimiteit

Enige verhouding het twee kante. Geen verhouding kan slaag indien albei partye nie in die verhouding betrokke wil wees nie. Intieme verhoudings des te meer. In die God-mens verhouding is dit duidelik vanuit die Skrif dat God en mens beide medeverantwoordelik vir die verhouding is.

1. Intimiteit van God se kant: God het nog altyd Sy kant nagekom (Jes. 65:24). Reeds van die begin het God die mens "meer" gemaak as die res van die skepping (Gen. 1:26,27). Die sondeval het egter hierdie verhouding verbreek, maar God het steeds na die mens uitgeroep en uitgereik (Gen. 3:8,9). Direk na die sondeval het God reeds die oplossing vir hierdie gebroke verhouding in werking gestel (Gen. 3:15). Hierdie belofte het gestalte gekry in Sy seun, Jesus Christus, wat na die aarde gekom het (Joh. 1:1 en 14; Joh. 3:16) en Hy het nie net in ons plek gesterf nie, maar staan vandag nog by elke mens stil om hierdie verhouding te herstel (Tit. 2:11; Op. 3:20; Luk. 19:10).
2. Intimiteit met God: Geloof is die bron van die mens se soeke na God (Heb. 11:6). God het die mens geskape as 'n verhoudingswese. Daarom het die mens 'n natuurlike soeke na God. Hierdie soeke dryf ons na God al voel dit soms nie so nie. Handeling 17:27 sê: "God het hulle gemaak om Hom te soek, al sou hulle ook moes rondtas om Hom te vind. Hy is nie ver van enigeen van ons af nie". Sodra die mens God begin soek, begin daar 'n honger tot 'n dieper, meer intieme verhouding met God (Ps. 63:1-3; Ps. 42:1,2). Hierdie verhouding verdiep omdat die mens nader aan die beeld van God beweeg (Joh. 3:30; Rom. 8:29). Die gevolg is dat die mens in 'n intieme verhouding met God staan waar die mens in sy alledaagse lewe in al sy weë God eer en verheerlik (1 Kor. 10:31; Kol. 3:1; Joh. 17:22,23). Die uiteinde van so 'n intieme verhouding is 'n vrywillige oorgawe aan God wat jou hele lewe aanbetref (Fil. 3:7-11; Rom. 1; Fil. 1:9-11; Jak. 3:17,18).
3. Intimiteit met Jesus: Jesus die "Vleesgeworde" Woord (Joh. 1:1 en 14) het in ons plek aan die kruis gesterf. Jesus was sonder sonde, dus volmaak (2 Kor. 5:21). Hy het nie verdien om te sterf nie, maar Hy was gedryf deur Sy liefde vir die mens om aan ons die ewige lewe te gee (Joh. 17:3; Joh. 3:16). Die intimiteit wat Jesus met God beleef wil Hy ook vir ons gee, sodat ons in dieselfde intieme verhouding met God die Vader kan staan, net soos Hy (Joh. 17:22,23).

Omdat Jesus so lief is vir die mens en ons vrygekoop het uit die mag van die bose, het Hy vir die mens 'n plek gaan gereed maak sodat ons vir ewig by Hom kan wees in 'n intieme verhouding (Joh. 14:1-3). Tot die dag aanbreek dat ons hemelse woning gereed gemaak is, is dit die Here Jesus se begeerte dat ons in Hom ingeënt sal wees om ons intieme verhouding met God-Drie-Enig voort te sit (Joh. 15:1-8) deur Jesus se voorbeeld te volg (Ef. 5: 1-3).

4. Intimiteit met die Heilige Gees: Die Heilige Gees van God speel 'n baie belangrike rol in ons intieme verhouding met God. Op Pinksterdag is die Heilige Gees op alle vlees uitgestort. God het dit deur die profeet Joël (Joël 2:28,29), reeds beloof. In Handeling 1 beskryf Lukas hierdie gebeure aan ons. Sedert hierdie merkwaardige dag speel die Heilige Gees 'n permanente rol in mense se lewens. Die Heilige Gees lei ons op ons weg ("journey") om 'n intieme verhoudingspad met God te stap (Hand. 1:1-6).

Omdat Jesus Christus vir drie-en-dertig jaar saam met die mens op aarde geleef het, besef Jesus al te goed dat die mens 'n gids nodig het om ons elke dag by te staan en saam met ons te wandel. Hierdie gids is die Heilige Gees wat Jesus vir die mens gegee het nadat Hy hemel toe is (Joh. 14:16,17). Die Heilige Gees is ons voorspraak by die Vader, Hy leer ons wat ons

moet doen, Hy herinner ons aan alles wat ons moet weet van 'n intieme verhouding met God (Joh. 14:25,26; Joh. 15:26,27, Joh. 16:13,14).

Die Heilige Gees is nie net bloot ons gids en voorspraak by God die Vader nie, Hy gee ook aan elke mens gawes om God en mens beter te dien (1 Kor. 1:5; 1 Kor. 12; 1 Kor. 14:1-12; Ef. 1:3; Ef. 4:7,11).

B. Invloed

Invloed is: "Die kapasiteit te besit om 'n effek te hê op 'n ander persoon se karakter, ontwikkeling of optrede." Hierdie vermoë word deur die Heilige Gees aan mense gegee. Johannes 15:26 en 27 sê: "Wanneer die Voorspraak kom wat Ek vir julle van die Vader af sal stuur, die Gees van die waarheid, wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig. En julle moet getuig, want julle is van die begin af by My."

Invloed op ander, binne God se wil, kan en moet beïnvloed word deur God self deur Sy Heilige Gees wat in mense woon. God het verskillende geestelike gawes aan elke mens gegee, maar elke een van hierdie gawes het net een doel. Die doel is dat die mens wat hierdie gawe ontvang het dit positief sal gebruik om ander mense te beïnvloed om te groei tot geestelike volwassenheid (Ef. 4:11-16).

Die mensdom kon nie vir 'n beter voorbeeld vra as juis Jesus Christus nie. Hy het drie en 'n half jaar gevat om twaalf uitgesoekte mense te beïnvloed. Hulle het weer ander beïnvloed wat op hulle beurt weer die volgende persoon beïnvloed het. Dit is dissipelskap. Die Woord van God is vol voorbeelde van mense wie 'n positiewe invloed op ander gehad het. Paulus skryf aan die gemeente in Efese en sê: "Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle Sy voorbeeld volg. Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil Sy lewe as 'n offergawe gegee het, ja, 'n offer wat vir God aanneemlik was. Soos dit gelowiges betaam, moet daar van ontug, onsedelikheid in enige vorm, of gierigheid onder julle selfs geen sprake wees nie." (Ef. 5:1-3)

Ons moet nooit vergeet dat God juis die hele Skrif gegee het vir hierdie doel nie (2 Tim. 3:16,17). Daarom roep die Here elkeen van ons om nie net in 'n intieme verhouding te staan met God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees nie, maar ook 'n definitiewe invloed te hê op mekaar se lewens. Paulus beskryf hierdie "invloedryke" lewe aan ons in verskeie van sy briewe aan gemeentes asook aan individue. (Sien 1 Tim. 4:12; 1 Tess. 1:6-10; 1 Kor. 10:31; 1 Kor. 11:1; Ef. 5:1; Fil. 3:12-17; 2 Tim. 1:12, 2:15, 3:10-11). Nie net Paulus nie, maar Petrus (2 Pet. 1:5-8; 1 Pet. 2:21) en Jesus leer ons self van hierdie beginsel (Joh. 14:15).

Die gemeente word dikwels met 'n liggaam vergelyk in die Bybel. Die liggaamsbeeld van God word hoofsaaklik vir twee groepe mense gebruik. Die universele kerk van God op aarde, (die versamelwoord vir alle kinders van God in die hele wêreld), of die plaaslike gemeente. In beide gevalle word die woord "liggaam" gebruik (Griekse woord "Ekklesia").

As liggaam van Christus in die universele kerk van God op aarde is Jesus die kop en die kinders van God is die lyf, (Ef. 5:23; Kol. 1:18; Ef. 1:23), maar in die plaaslike gemeente vorm die gemeente ook die hele liggaam (Rom. 12:5; 1 Kor. 12:12,27). As liggaam het die gemeentelid elkeen spesifieke take en spesifieke gawes, wat deur die Heilige Gees aan ons gegee is. Dit is ons plig, as lede van die liggaam, om binne die liggaam te funksioneer na die beste van ons vermoë om sodoende die Liggaam van Christus te dien (1 Kor. 12; Ef. 4).

Die liggaam funksioneer dikwels in 'n gesin, daarom is die belangrik dat ons beseft dat ons in 'n gesin funksioneer as lede. Gesinslede dra die gesin se belange op die hart. "Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God." (Ef. 2:19) God roep dus elke persoon om aktief deel te word van Sy gesin of Sy liggaam om sodoende 'n verskil te maak en 'n invloed te hê op mekaar se lewens.

C. Impak

Die Here het elke kind van Hom geroep om nie net intiem met Hom in verhouding te staan nie, maar ook mekaar positief te beïnvloed. Hierdie twee aksies loop hand in hand met die roepe om in die hele wêreld 'n definitiewe impak te maak. God het Sy Gees uitgestort sodat Sy Liggaam 'n impak kan maak op die hele wêreld. Handeling 1:8 sê: "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."

Die Handeling-kerk is tot vandag vir elke "kerk" (ons) 'n inspirasie en aansporing om "kerk" te wees in alle opsigte (Handeling 2). So het die Handeling-kerk in 'n oogwink gegroei van 12 na oor die 8000 (Hand. 2:41; Hand. 4:4). Hierdie gemeente het geleef in 'n impak- verhouding met die wêreld, soos God dit wou hê (Hand. 2:42,43).

Die Skrif is verder vol opdragte aan ons om 'n impak-gerigte leefwyse te volg. Dit is slegs moontlik indien ons die vrug van die Gees van God uitleef (Gal. 5:22,23). Die opdrag is duidelik dat ons mekaar se laste moet help dra (Gal. 6:2), nie net binne die kerk en ons eie vriendekring nie, maar ook op 'n wyer vlak. Jesus self het verskeie verhale vertel om dit te illustreer (Luk. 10:25-37). Hy het ook die wet van Moses in die volgende woorde saamgevat: "Toe die Fariseërs hoor dat Jesus die Sadduseërs die mond gesnoer het, het hulle bymekaargekom, en een van hulle, 'n wetsgeleerde, het Hom met 'n vraag probeer vastrek. 'Meneer,' vra hy, 'wat is die grootste gebod in die wet?' Jesus antwoord hom: ' Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. In hierdie twee geboie is die hele wet en die profete saamgevat.' (Matt. 22:34-40)"

Om net na ons eie belange om te sien is nie 'n lewe van impak nie, maar om almal, wat minder bevoorreg is as ons, te bedien met die Evangelie en om na die minderbevoorregtes se tydelike behoeftes om te sien, glo ons is ware impak. In Handeling 6 kom dit duidelik uit dat versorging nie net binne die gemeente moet plaas vind nie, maar ook buite. Impak op die wêreld vind waarlik plaas wanneer die gemeente uitreik na minderbevoorregte mense.

In Handeling 6 lees ons dat die weduwees en weeskinders van die Griekse gemeentes afgeskeep is omdat die apostel so besig was om na mense se geestelike behoeftes om te sien dat die liggaamlike versorging van die weduwees skade gely het. Dis toe dat die apostels nog sewe manne aangestel het, wat die uitsluitlike taak gehad het om net na mense se tydelike behoeftes om te sien (Hand. 6:1-8). Dit is nie net aangestelde- of voltydse personeel van 'n gemeente of organisasie wat vir armes kan sorg nie. Die Bybel gee vir ons in Handeling die voorbeelde van Tabita of Dorkas wat, as gewone lidmaat van die kerk, die gewoonte gehad het om vir armes te sorg (Hand. 9:36-39). Sy was so 'n merkwaardige vrou, dat sy selfs 'n verlenging op haar lewe gekry het. Dit het gebeur omdat sy so 'n ongelooflike impak op haar omgewing gemaak het.

Paulus leer ook vir die jong "leraar" Timoteus hoe hy weduwees, weeskinders en arm mense moet laat versorg in die gemeentes. Daar is definitiewe riglyne volgens die Woord wat ons in hierdie verband moet nakom (1 Tim. 5:3-7). Die Woord gaan selfs so ver om te sê dat ware Godsdienst juis is om minderbevoorregte mense behulpsaam te wees, want dit is, glo ek, die "hart " van God – Jak. 1:27 "Egte en suiwer godsdienst voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan en om jou skoon te hou van die besmetting van die wêreld." Jesus self sê dat dit ook een van die redes is waarom Hy spesifiek na die aarde toe gekom het. Lukas 4:18 "Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die Evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur." (Sien ook Luk. 14:13; Hand. 10:2; Hand. 20:35; Rom. 15:26; Gal. 2:10)